



Resultate persverklaring vir die jaar geëindig 30 Junie 2024

POSITIEWE MOMENTUM VANAF KERNSTRATEGIESE INISIATIEWE ONDANKS GEDEMPTE VERDIENSTEVERTONING

- Gewone dividend per aandeel: op met 10.0% tot 264 sent
- Intrinsieke netto batewaarde per aandeel soos op 30 Junie 2024: op met 1.0% tot R251.01
- Wesensverdienste per aandeel: af met 18.8% vanaf 1 254 sent tot 1 018 sent

Oorsig

Die 2024-finansiële jaar was 'n uitdagende tydperk, met volgehoue fokus op die voltooiing en integrasie van 'n reeks transformerende korporatiewe transaksies wat steeds 'n invloed op Remgro se resultate het. Terwyl stewige bydraes deur sommige van Remgro se onderliggende beleggings gelewer is, moet aansienlike werk nog gedoen word om die vaslegging van die bedryfsvertoning van 'n aantal strategiese beleggings te verseker. Remgro bly verbind tot die herposisionering en optimalisering van sy portefeulje, wat deur die genoemde korporatiewe transaksies moontlik gemaak word, en die uiteindelijke voordele van hierdie reis vir die groep. Selfs terwyl die huidige onbevredigende vertoning die voortgesette vordering met sommige van sy kernstrategiese inisiatiewe oorskadu, handhaaf Remgro 'n gedissiplineerde en langtermynbenadering ten opsigte van die ontplooiing en bestuur van sy hulpbronne.

Vir die jaar onder oorsig het wesensverdienste met 20.0%, vanaf R7 056 miljoen tot R5 647 miljoen afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 18.8%, vanaf 1 254 sent tot 1 018 sent, afgeneem het. Die verskil van 120 basispunte in die WVPA-meting vergeleke met wesensverdienste, verteenwoordig die positiewe impak van die aandele terugkoop gedurende die 2023-finansiële jaar en aan die begin van die jaar onder oorsig.

Remgro was deursigtig in die beklemtoning van die makro-ekonomiese uitdagings van die afgelope 18 maande en die gevolglike impak op die groep se onderliggende beleggings. Baie van hierdie uitdagings het steeds gegeld vir 'n groot gedeelte van die jaar onder oorsig. In sommige gevalle vererger deur die onsekerheid wat geheers het in die aanloop tot die verkiesing in Mei. Daar was egter makro-ekonomiese verbeteringe, waaronder 'n verbetering in inflasie, 'n wesentlike vermindering in beurtkrag en 'n verlaging in brandstofpryse. Sedertdien, en die gevolglike daarstelling van 'n Regering van Nasionale Eenheid, het beleggersentiment teenoor Suid-Afrika verbeter.

Jannie Durand, HUB van Remgro, lewer soos volg kommentaar op die tydperk onder oorsig: "Teen die verbeterende makro-ekonomiese konteks, is hierdie stel resultate nie 'n weerspieëling van die potensiaal van Remgro se portefeulje nie. Die handelsresultate van Heineken Beverages Holdings Beperk (Heineken Beverages) was die gevolg van 'n aantal bedryfsuitdagings, asook 'n voortslepende uitdagende verbruikersomgewing. Gevolglik, en ondanks die maatskappy se huidige uitdagings wat eie aan sy omstandighede is, het dit beduidend tot die wesentlike afname in wesensverdienste bygedra. As antwoord, gaan ons voort om geleidelike vordering met ons verskeie strategiese inisiatiewe te maak. Tot op hede, het ons vroeë aanduidings van positiewe momentum gesien soos blyk uit die aansienlike verbeterde vertonings van beide RCL Foods Beperk (RCL Foods) en Rainbow Chicken Beperk.

'n Sleutel-strategiese prioriteit is steeds die vaslegging van die onlangse korporatiewe transaksies en 'n kerndryfveer vir die afname in wesensverdienste hou verband met die effek van hierdie proses, waarvan die meeste, nie-herhalende items is.

Remgro

Beperk

Vir die huidige en vergelykende jare, het hierdie korporatiewe transaksies en hul negatiewe impak op wesensverdienste R766 miljoen (2023: positiewe impak van R581 miljoen), bedra wat die volgende insluit:

- Remgro se gedeelte van die *IFRS 3* amortisasie- en waardeverminderingskoste ten bedrae van R257 miljoen (2023: R56 miljoen) wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Heineken Beverages beheer oor Distell Group Holdings Beperk (Distell) en Namibia Breweries Beperk (Namibia Breweries) verkry het (die Distell/Heineken transaksie) (Heineken *IFRS 3*-impak), sowel as Remgro se gedeelte van die transaksiekoste ten bedrae van R196 miljoen wat in die vergelykende jaar deur Distell aangegaan is;
- Remgro se gedeelte van 'n toename in 'n aflosbare verpligting ten bedrae van R344 miljoen (2023: afname in verpligting van R338 miljoen), wat verband hou met Mediclinic Group Beperk (Mediclinic) se verkryging van Hirslanden La Colline Grangettes SA;
- Remgro se gedeelte van transaksiekoste ten bedrae van R165 miljoen (2023: R612 miljoen), wat aangegaan is ten opsigte van die verkryging, deur Remgro se 50%-belang in Manta Bidco Beperk, wat gesamentlik deur Remgro en MSC Mediterranean Shipping Company SA (MSC) besit word, van die volle uitgereikte gewone aandelekapitaal van Mediclinic (die Mediclinic-verkryging), sowel as 'n buitelandse valutawins van R522 miljoen in verband met die Mediclinic-verkryging in die vergelykende jaar;
- Remgro se gedeelte van die skuldkwytskeldingswins ten bedrae van R227 miljoen wat verantwoord is deur Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) in die vergelykende jaar ('n lener het afstand gedoen van sy reg om 'n uitstaande bedrag van 'n lening aan KTH te ontvang) as deel van die verkoop van sy belegging in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk; en
- 'n dividend van R358 miljoen wat van die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds ontvang is in verband met die verkoop van die ETG Group in die vergelykende jaar.

Uitgesluit die impak van die bogenoemde korporatiewe transaksies, was die gedempte wesensverdienste-vertoning die gevolg van gemengde bedryfsvertonings deur onderliggende beleggings waarvan die belangrikste is:

- Verhoogde bydraes van RCL Foods Beperk, TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk, OUTsurance Group Beperk, Sigalo Foods Eiendoms Beperk en Air Products South Africa Eiendoms Beperk, as gevolg van verbeterde bedryfsvertonings;
- 'n verhoogde verlies deur Heineken Beverages bygedra (uitgesluit die Heineken *IFRS 3*-impak) van R297 miljoen, gedeeltelik teengewerk deur Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin) se hoër bydrae van R65 miljoen, vergeleke met Distell se bydrae van R751 miljoen (transaksiekoste uitgesluit) in die vergelykende jaar; en
- 'n laer bydrae vanaf Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk, hoofsaaklik as gevolg van hoër finansieringskoste weens 'n toename in rentekoerse en hoër instandhoudings- en sekuriteitskoste ten einde hoër bedryfstyd op die netwerk te verseker.

Totale verdienste het R1 241 miljoen (2023: R9 624 miljoen) bedra. Hierdie afname in verdienste is hoofsaaklik weens die afname in wesensverdienste soos hierbo bespreek (R1 409 miljoen), die waardedaling van Remgro se belegging in Heineken Beverages (R4 257 miljoen) en Remgro se gedeelte van die waardedalings van Heineken Beverages se klandisiewaarde wat met die Distell/Heineken-transaksie ontstaan het (R1 050 miljoen). Remgro het 'n wins met verkoop van R3 384 miljoen, ten opsigte van die Distell/Heineken-transaksie vir die 2023-finansiële jaar, verantwoord. Die afname is deels teengewerk deur die wins gerealiseer met die verkoop van die belegging in DC Foods Eiendoms Beperk, Remgro se gedeelte van die wins deur RCL Foods gerealiseer met die verkoop van Vector Logistics, asook Remgro se gedeelte van die wins wat deur Capevin gerealiseer is met die beëindiging van die Gordon's Gin-ooreenkoms.

Kommentaar op die wesensverdienste bydrae van elk van die onderliggende rapporteringskategorieë word in die geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2024 hiermee saam vrygestel.

Remgro

Beperk

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 1.0%, vanaf R248.47 op 30 Junie 2023 tot R251.01 op 30 Junie 2024, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2024 was R136.09 (2023: R147.05), wat 'n diskonto van 45.8% (2023: 40.8%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig.

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2024, is 'n finale bruto dividend van 184 sent (2023: 160 sent) per aandeel verklaar uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde.

Voortgesette langtermynfokus en dissipline

In ooreenstemming met Remgro se langtermyn-beleggingsvooruitsigte, handhaaf die groep 'n beheerde en langtermynbenadering in die bestuur van sy beleggings. "Benewens ons onwrikbare fokus op gedissiplineerde kapitaaltoewysing, is Remgro se benadering om vertoning by ons onderliggende beleggings te dryf, ook van uiterste belang. Aangesien ons portefeulje na meer ongenoteerde entiteite neig, het ons ons model vir betrokkenheid aangepas om op enige tydstip vir beleggings se vereistes ontvanklik te wees. Hierdie aktiewe beleggingstyl verseker dat elkeen van ons onderliggende beleggings, en elkeen van ons bestuurspanne, die relevante ondersteuning kry wat benodig word om volhoubare vertoning te dryf en langtermynwaarde vir ons aandeelhouers te skep," het Durand afgesluit.

Kontak: Remgro Beperk
Lwanda Zingitwa (Beleggerverhoudings)
investor.relations@remgro.com

Uitgereik en versprei deur: Remgro Beleggerverhoudings

Uitreikingsdatum: 18 September 2024

JSE en A2X aandelekode: REM

Webwerf: www.remgro.com
